

**16 Februarie**

**Skrifgedeelte: 1 Konings 11:1-8**

**Fokusgedeelte: 1 Konings 11:4**

### **Verleiding in die ouderdom**

Die ouderdom word gewoonlik deur ons gesien as 'n tyd waarin 'n mens nie so maklik as in jou jonger dae in die greep van die sonde kan beland nie. Tog leer die geskiedenis van Salomo ons dat as jy nie in die geloof vashou aan die Here nie, jy ook in die ouderdom in die kloue van Satan kan beland.

Salomo was 'n ampsdraer in die volle sin van die woord, want al drie die ampte van *profeet*, *priester* en *koning* kon duidelik by hom gesien word. Tog het Salomo in sy ouderdom sy amp weggegooi ter wille van sy verhouding met sy heidense en goddelose vrouens. Die Here sê selfs van Salomo dat hy Hom verlaat het (1 Kon 11:33). Salomo se probleem was dat hy in sy ouderdom toegelaat het dat sy sondige natuur oor sy Godgegewe amp geheers het. Dit moes net andersom gewees het. Sy amp, sy roeping om die Here te dien, moes sy sondige neigings in toom gehou het en hom gelei het tot gehoorsaamheid aan God, maar dit het nie gebeur nie. Salomo het dus nie die beeld van Christus vertoon nie.

By Christus kry ons ook twee elemente: sy amp en sy verswakte menslike natuur, hoewel Hy self sonder sonde was. Christus het geen sonde ooit oor sy amp laat heers nie; intendeel, Hy het so getrou vasgehou aan die amp wat die Vader op Hom gelê het, dat Hy sy menslike natuur geheel en al opgeoffer het aan die kruis op Golgota. So het Hy ook versoening gedoen vir al ons ampsversaking as gevolg van ons sondige neigings.

Ons is deur die Heilige Gees ook tot ampsdraers gesalf. Nou eis die Here van ons dat ons, uit dankbaarheid vir die verlossing van Christus, nie op die pad van ampsversaking moet gaan soos Salomo in sy ouderdom nie, maar sy navolgers moet word en tot egte ampsvervulling moet kom.

*Sing: Psalm 71:6 Prof PJ de Bruyn (emeritus)*